BYLAE 14

Stellenbosse Belastingbetalersvereniging
Stellenbosch Ratepayers' Association

Posbus/PO Box 399 Stellenbosch 7599

1 Junie 2005

Die Munisipale Bestuurder
Munisipaliteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

Geagte mnr Kannemeyer

BEWARING EN BESTUUR VAN PAPEGAAIBERG

Tydens ons vereniging se jongste Sentrale Bestuursvergadering is daar ernstige kommer uitgespreek oor die huidige toestand van Papegaaiberg. Dit is veral veroorsaak deur die onlangse brande, maar ook as gevolg van die geleidelike agteruitgang van die natuurlewe en die gebrek aan 'n geintegreerde betuursstrategie vir Papegaaiberg.

Ons is bewus van die Departement/Afdeling van Omgewing en Rekreasiebestuur van die Munisipaliteit van Stellenbosch se inisiatiewe om in samewerking met mnr SW van der Merwe, van Dennis Moss Vennootskap, 'n verslag daar te stel wat sal meewerk in die proses om van Papegaaiberg 'n bate vir Stellenbosch en die omgewing te maak en wat die raamwerk sal daarstel vir die effektiewe bestuur van die natuurgebied.

Hiermee wil ons dus die Stellenbosse Belastingbetalersvereniging se steun toesê aan die proses om so spoedig moontlik uitvoering te kan laat gee aan die voorstelle wat in die bogenoemde verslag vervat is en wat ter insae vir publieklike deelname daargestel is.

Ons vertrou dat die toekomstige benutting van Papegaaiberg as 'n natuurgebied op 'n verantwoordelike wyse bestuur sal word.

Baie dankie vir u aandag ook aan die saak.

Die uwe

B. Giliomee
(Voorsitter)

BYLAE 15

021-8874489

LETTERHEAD

14 Patrys Street
Stellenbosch
7600
22 November 2006

TO WHOM IT MAY CONCERN

Feedback from The Papegaaiberg Environmental Forum

On behalf of the **P.E.F,** we would like to make the following comments on the **Papegaaiberg S.D.P, Consultative Draft 3.**

The forum finds it generally improved in that it is shorter, more focused and the goals are more clearly stated. The **P.E.F**. accepts and supports the principal aims and goals of the report and we recommend that the Municipality should approve and implement it as soon as possible.

The forum is opposed to the idea of **The Cemetery Extension Plan**. The area indicated as a **Development Zone** in **plan 2.3** is an important part of the proposed nature reserve, which is already quite a small area for this purpose. To designate this area as a Development Zone, could lead to claims for this land to be used for other purposes. The accusation could then be made that The Municipality is willing to sacrifice land with high conservation value to accommodate the dead, but not the living.

The value of this land as rehabilitated renosterveld, with a wild olive and wild peach forest in the northwestern area, is far too high for it to be considered as a Development Zone.

The planning of **Ecological Corridors** in **plan 2.1** needs to be substantially extended. The forum would like to see ecological corridors that extend along the course of The Plankenbrug, Kromme and Eerste rivers, The Vineyard Trail, The Eskom reserve that runs along the southern boundary of Middelvlei, as well as the area in Onder-Papegaaiberg that lies between Flamingo and Tarentaal Rd, extending over Kokkewiet Rd. to include the area between Troupant, Adelaar and Hamerkop Rd, then moving south over Tarentaal Rd. to include the park that lies between Jan Pierrewiet, Tortelduif etc. down to Devon Valley Rd.

The forum believes that this area of Onder-Papegaaiberg, as indicated above, would also be ideal for the establishment of an arboretum, as suggested by Mrs Una van der Spuy.

It needs to be clearly stated in **The Development Planning** that any tourist facilities, e.g. restaurant, information centre etc. be sited only on the periphery of the protected area, and that the proposed view site should be very simple, with the minimum of visual and structured disturbance to the site. The view site should consist of no more than a paved area with some benches, rubbish bins and information boards.

We are opposed to the idea of a **cable car** as indicated in **plan 3**. This seems to be very inappropriate for Papegaaiberg and its impact will be great. The idea of a golf cart path is a very suitable alternative. If this path were constructed with a very gentle gradient, spiraling up to the view site, it would then offer access to the disabled and the elderly.

There is no detail in the report about the problem of **security**. If we cannot ensure the safety of visitors to the area, the entire project will fail. We should therefore devote time, energy and resources to finding creative solutions this problem.

The forum hopes that these comments will be viewed as constructive. We look forward to the successful implementation of these plans.

Yours sincerely
Margot Huysamer (secretary), on behalf of
The Papegaaiberg Environmental Forum

BYLAE 16

SPECIAL MAYORAL COMMITTEE MEETING : 2006-12-13 : ITEM 3.4

RESOLVED (nem con)

(a) that the document be referred to the Acting Executive Director: Economic Facilitation Services for alignment with the existing Spatial Development Frameworks for the Stellenbosch town area to be included in the IDP 2007/2008;

(b) that due process start in January 2007 to ensure that the area depicted in the document attached (Plan 2.2) be rezoned to the appropriate rezoning in order to establish a nature conservation area;

(c) that the following immediate steps be taken:

(i) control current unauthorised access to the area;

(ii) that the necessary funding be considered in the adjustment budget during January 2007;

(iii) that effective law enforcement be instituted; and

(d) that an environmental management strategy and environmental management plan be compiled.

(DCOMM)

BYLAE 17

Stellenbosse Belastingbetalersvereniging
Stellenbosch Ratepayers' Association

Posbus/PO Box 399 Stellenbosch 7599

Kontakpersoon: Berta Hayes, tel 021 887 1552, bertahayes@mweb.co.za

28 Februarie 2007

Die Munisipale Bestuurder
Munisipaliteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

Geagte mnr Daniels

BEWARING EN BESTUUR VAN PAPEGAAIBERG

Tydens die Februarie 2007 vergadering van die Natuurlike Omgewingwerkgroep van die Stellenbosse Belastingbetalersvereniging (SBV), is daar weer ernstige kommer uitgespreek oor die huidige toestand van Papegaaiberg. Die bergbrande van 2005, asook die onbeheerde toegang en misbruik van die berg weens 'n gebrek aan effektiewe bestuur en 'n geïntegreerde bestuursstrategie vir Papegaaiberg, dra by tot die agteruitgang en onbevredigende stand van sake.

Die SBV het op 1 Junie 2005 'n brief aan die vorige munisipale bestuurder gerig waarin ons die inisiatiewe van die Departement/Afdeling van Omgewing en Rekreasiebestuur van die Munisipaliteit van Stellenbosch in samewerking met mnr SW van der Merwe, van Dennis Moss Vennootskap, geprys het om 'n proses daar te stel om van Papegaaiberg 'n bate vir Stellenbosch en die omgewing te maak en wat die raamwerk sou daarstel vir die effektiewe bestuur van die natuurgebied.

Hiermee wil ons as lede van die Natuurlike Omgewingwerkgroep van die SBV ons vereenselwig met die aanbevelings van die Papegaaiberg Environmental Forum (PEF) (sien aangehegte skrywe van die PEF), waarop die SBV ook verteenwoordig is, rakende die aanbevelings oor Papegaaiberg in die jongste verslag van Dennis Moss Vennootskap. Ons wil u ook versoek om asseblief toe te sien dat die Raad spoedig 'n besluit in die verband sal neem, waarna die proses in werking kan kom om uitvoering te gee aan die

voorstelle wat in die bogenoemde verslag vervat is (met inagneming van die PEF kommentaar).

Ons vertrou dat die toekomstige benutting van Papegaaiberg as 'n natuurgebied op 'n verantwoordelike wyse bestuur sal word.

Baie dankie vir u aandag ook aan hierdie saak.

Die uwe

Mev Berta Hayes
(Sekretaresse)

Afskrifte aan: Die Burgemeester, asook raadslede mev J Serdyn en B Giliomee

BYLAE 18

Dagbreekstraat 12
Stellenbosch
7600
7 Desember 2007

Die Munisipale Bestuurder
Munisipaliteit van Stellenbosch
Stellenbosch

Geagte mnr Daniels

BEWARING EN BESTUUR VAN PAPEGAAIBERG

Die brief volg op 'n voorstel wat Dinsdagaand, 4 Desember 2007 om 19:30 tydens 'n vergadering van die Papegaaiberg Environmental Forum (PEF) aanvaar is en waar daar aan my opdrag gegee is om verantwoording by die Raad en die munisipaliteit rondom Papegaaiberg te vra. Ek het as voorsitter by die spesifieke vergadering van die PEF opgetree en is ook lid van die Sentrale Bestuur van die Stellenbosse Belastingbetalersvereniging (SBV).

Ons, as PEF-lede, en ek as SBV-bestuurslid is bekommerd en teleurgesteld oor die gebrek aan vordering wat daar blykbaar met die bewaring en bestuur van Papegaaiberg gemaak word. Net om u geheue te verfris, wil ek na die mees onlangse korrespondensie in die verband verwys:

- Brief deur SBV aan die destydse munisipale bestuurder ---- 1 Junie 2005 en ontvangs is erken.

- Brief deur die SBV aan u op 28 Februarie 2007 --- aangeheg was ook 'n brief van die PEF. Ek heg weer hierdie twee dokumente aan.

Aanvanklik het dit gelyk asof daar gedurende 2007 daadwerklik iets rondom die bewaring van Papegaaiberg gedoen gaan word. (Sien onder andere die Burgemeester se berig in Die Eikestadnuus van 23 Februarie 2007.) Dit is nou bykans een jaar later en die algemene toestand van Papegaaiberg verswak steeds. Kruipende plakkery aan die Noord-oostelike hange van Papegaaiberg is skynbaar tans nog 'n bedreiging vir die natuurlewe en moontlik die ook vir die outoriteit van die munisipaliteit. Watter insette word daar nog vanaf die publiek verlang om die dringendheid en noodsaaklikheid vir optrede deur die Raad en die munisipaliteit te vra? Lees asseblief weer die aangehegte korrespondensie. Al die munisipale bestuurders het ook vroeër vanjaar hulle samewerking tydens 'n SBV sentralebestuursvergadering belowe! Ongelukkig sien ons op die stadium nie veel daarvan wat die bestuur en bewaring van Papegaaiberg betref nie.

Sal u asseblief die volgende vrae pertinent beantwoord:

1. Wat is die huidige statutêre status van Papegaaiberg in terme van die jongste Raadsbesluite?

2. Wanneer (datums) het Papegaaiberg kwessies (soos onder andere in punt 1 genoem) vanjaar voor die Raad gedien?
3. Wat is die status binne munisipale- en Raadsverband van die jongste verslag van Dennis Moss en Vennote oor Papegaaiberg?
4. Wat is die status van die Ruimtelike Ontwikkelingsplan/raamwerk en spesifiek hoe dit Papegaaiberg raak?
5. Bestaan daar tans riglyne waarvolgens Papegaaiberg as entiteit omlyn/omskryf is?
6. Indien daar positief op vraag 4 geantwoord word, wat word tans gedoen om die grense en verklaarde status te beskerm en te bewaar.
7. Ons is bewus van die nuutste verwikkelinge rondom Cape Nature, maar word die proses met die nodige dringendheid opgevolg?
8. Is die verklaring van Papegaaiberg as deel van die groter Kaapse Biosfeerreservaat en die erkenning daarvan deur UNESCO nie 'n verleentheid vir ons as dorp wat (nog steeds?) voete sleep op plaaslike vlak om tot besluit/uitvoering rondom Papegaaiberg te kom nie?
9. Wat is die beoogde tydskaal vir 2008 rakende besluitneming deur die Raad rondom Papegaaiberg?

Baie dankie vir u aandag en tyd ook aan hierdie kwessie. Sal u asseblief ook 'n afskrif hiervan aan die verantwoordelike amptenare voorsien.

Die uwe

Dr JP Lombard
namens PEF

Afskrifte aan: Die Burgemeester en raadslede J Serdyn en AH Gotze, asook mnr B de la Bad

BYLAE 19

Stellenbosse Belastingbetalersvereniging
Stellenbosch Ratepayers' Association

Posbus/PO Box 399 Stellenbosch 7599

Kontakpersoon: Me. B Hayes (sekretaresse), Tel 021 887 1552, Faks 021 886 4741

7 November 2008

Die Munisipale Bestuurder
Stellenbosch Munisipaliteit

Geagte mnr Kenned

VERSOEK VIR SAMESPREKINGS: PARADYSKLOOF EN PAPEGAAIBERG

Die Stellenbosse Belastingbetalersvereniging (SBV) rig hiermee 'n versoek om samesprekings met u, en ander persone van u keuse, te voer oor twee belangrike sake.

Die eerste saak is die voortslepende appèlsaak van Paradyskloof Golf Estate (PGE) teen die munisipaliteit. Die SBV het met waardering kennis geneem van die munisipaliteit se teenstaan van die appèl en sou graag verdere ontwikkelinge daaroor met u wou bespreek.

Die tweede saak handel oor die toekoms van Papegaaiberg. Om u agtergrond te gee oor die SBV se denke rondom hierdie saak, heg ons 'n aanhangsel aan wat hopelik vir u van nut sal wees. Beskou dit asseblief as 'n gespreksdokument om ons samesprekings meer effektief te maak. Die SBV verstaan dat Papegaaiberg 'n sensitiewe aangeleentheid is, maar aan die ander kant is dit een van Stellenbosch se groot bates en die beste benutting daarvan lê ons na aan die hart.

Ons hoop dat u ons versoek gunstig sal oorweeg.

Die uwe

MW Coetzer

Voorsitter: Stellenbosch Belastingbetalingsvereniging

BEWARING EN BESTUUR VAN PAPEGAAIBERG

Die SBV is besorg oor die oënskynlike gebrek aan vordering wat daar met die bewaring en bestuur van Papegaaiberg gemaak word. Die mees onlangse korrespondensie aan die vorige munisipale bestuurder in hierdie verband deur die SBV is gedateer 28 Februarie 2007 en word vir u aandag aangeheg. Die Papegaaiberg Environmental Forum, waarna in die vermelde skrywe verwys word en waarop die SBV ook verteenwoordig is, het ook weer hul besorgdheid in 'n skrywe gedateer 7 Desember 2007, uitgespreek en vir dringende optrede gevra. Op 6 Junie 2008 is 'n vergadering gehou met munisipale amptenare en lede van die Natuurlike Omgewingswerkgroep van die SBV om te verneem oor die vordering wat daar gemaak word met die bewaring van Papegaaiberg en is spesifieke probleemareas uitgewys. Daarná het 'n mislukte poging van die SBV om 'n vergadering oor Papegaaiberg se status met die Burgemeester en sekere munisipale amptenare op 19 Junie 2008 te hou, gevolg.

Sover die SBV bewus is, geld onder andere die volgende rakende Papegaaiberg:

1. Die nuutste amptelike besluit oor Papegaaiberg is op 13 Desember 2006 tydens 'n spesiale Burgemeesterskomiteevergadering geneem en lui as volg:

SPECIAL MAYORAL COMMITTEE MEETING : 2006-12-13 : ITEM 3.4

RESOLVED (nem con)

(a) that the document be referred to the Acting Executive Director: Economic Facilitation Services for alignment with the existing Spatial Development Frameworks for the Stellenbosch town area to be included in the IDP 2007/2008;

(b) that due process start in January 2007 to ensure that the area depicted in the document attached (Plan 2.2) be rezoned to the appropriate rezoning in order to establish a nature conservation area;

(c) that the following immediate steps be taken:

(i) control current unauthorised access to the area;

(ii) that the necessary funding be considered in the adjustment budget during January 2007;

(iii) that effective law enforcement be instituted; and

(d) that an environmental management strategy and environmental management plan be compiled.

(DCOMM)

2. Kaap Natuurbewaring ("Cape Nature") is gedurende 2007 deur die munisipaliteit betrek in die proses om 'n omgewingsbestuurstrategie en –plan vir Papegaaiberg as 'n natuurreservaat daar te stel.
3. Papegaaiberg as natuurreservaat kan volhoubaar inskakel by en is versoenbaar met die oogmerke van die Wynland Biosfeer Reservaat.
4. Papegaaiberg as natuurreservaat wat doelmatig en doeltreffend bestuur word, kan as 'n bate vir Stellenbosch en die gemeenskap beskou word. Daar is in die verband reeds fondse deur 'n sakegroep van Stellenbosch bewillig as bydrae tot die bewaring en bestuur van Papegaaiberg.
5. Daar bestaan 'n hofbevel/interdik wat onwettige plakkery teen Papegaaiberg verbied.

Gesien in die lig van bogenoemde wil ons as SBV graag die volgende vrae met u bespreek:

1. Ons sou graag wou vasstel of u saamstem met bogenoemde stellings, of verneem waar daar moontlike mistasting of verkeerde interpretasie(s) aan ons kant bestaan.
2. Is daar sedert die besluit van die Burgemeesterskomitee van 13 Desember 2006 ander amptelike besluite rakende die benutting en bestuur van Papegaaiberg geneem?
3. Word daar steeds voortgebou op die beplande proses rondom die bestuurstrategie en –plan vir Papegaaiberg as natuurreservaat?
4. Indien punt 3 steeds aan die gang is, sou ons graag wou weet wat die huidige stand van sake is rondom die vordering wat Kaap Natuurbewaring en die munisipaliteit maak rakende Papegaaiberg?
5. Die SBV sou ook graag wou kennis neem van die vordering wat gemaak word met die groot en dringende behoefte aan (wettige) lae- en mediumkoste-behuising vir inwoners van Stellenbosch, asook die benutting en bestuur van die sogenaamde "deurgangskampe" as tydelike verblyf vir hawelose mense.
6. Die SBV voel dat die kruipende informele behuising teen Papegaaiberg indruis teen die ordelike ontwikkeling van Kayamandi, 'n bedreiging is vir die natuurgebied, asook 'n gemeenskapsgesondheid- en veiligheidsgevaar inhou. Ons sou graag wil verneem of die Raad en die munisipaliteit saamstem met dié siening.
7. Die SBV sou graag wou verneem wat die Raad en munisipaliteit se planne is aangaande die uitbreidende informele behuising in en langs die beplande natuurgebied.